Rachelle Greeff: Paul Roux Skryfskool, Bloemfontein, 7&8 Nov 2025

Boeke tiek al jou boksies, dis hoekom jy ’n leeswurm is – van ander mense se stories. Terwyl jou eie al dwingender aandring op ’n eie stem.

Daarom is Rachelle Greeff se Vrystaatse eetkamertafel, gelaai met skryfdisse, die plek vir jou. Nie Franse fensie nie, maar in die taal van jou komvandaan. Jy gaan nie in ‘n oulike outfitjie handjies gevou sit nie – jy en ’n handvol genote gaan saam met die gasvrou moue oprol en inval. Ná die laaste koffie is jy reg om te doen wat gedoen moet word.

Rachelle werk al veertig jaar in verskeie genre’s. Haar kortverhale, romans, kinderboeke, toneelstukke en ander fiksie- en nie-fiksie-bydraes is wyd gepubliseer. Van haar kortverhale is opgeneem in buitelandse bundels. Sy bêre haar literêre bekronings in haar linnekas. Belangriker is die rits studente uit haar jarelange skryfkursusse wat in media-publikasies, radio, televisie en eie boeke tuisgekom het. Sy’s ook ‘n keurder en manuskripontwikkelaar vir uitgewers.

Wanneer: 7 en 8 November. Heeldag Vrydag en Saterdag.

Waar: Om ‘n tafel in ‘n huis in Paul Roux-straat in

Bloemfontein.

Koste: R2 500 per persoon. In ruil vir:

- Skryfgim op die maat van jou eie musiek
- Skryf- en verbeeldingspeletjies
- Skryfkans met terugvoering (in die groep of privaat, soos jy verkies)
- Aantekeninge en gesprekke oor skeppend lewe, en sukkel
- Bekendstelling aan Die Ononderhandelbare Drie
- Voorbeelde van en verwysings na gehalteskryfwerk
- Middagete en ander lafenisse

Die getal kursusgangers word beperk tot ’n maksimum van 10, almal op ongeveer dieselfde vlak.

Kursusgangers word gekeur op grond van ’n eie skryfstuk (nie poësie of toneel nie). Dit moet nie langer as 500 woorde wees nie, selfs minder. Reëlspasiëring 1,5. Genommerde bladsye, waar nodig.

Indien jy belangstel, stuur jou skryfstuk na rageltjieg@gmail.com

Die sperdatum is Woensdag 15 Oktober. Jy kry binne 48 uur terugvoering, en meer besonderhede. Tot dan kos dit jou niks.